“Lockdown” Film Handboek

‘n Praktiese gids om die film proses te vergemaklik.

“Lockdown” Film Handboek

Inhoud

Deel 1 – Voor die skerms

Deel 2 – Agter die skerms

“Lockdown” Film Handboek

Nie almal van ons het die toerusting (gereedskap, opleiding en kundiges in ons gemeentes) wat baie gemeentes het met die digitale verkondiging van God se Woord nie, veral in die plattelandse gemeentes word predikers lam gelaat hiermee. So op versoek vanaf van ons kollegas in die platteland het ek gaan kers op steek by 'n voormalige dosent van Tukkies se Drama-fakulteit om so bietjie meer insae te kry oor die kuns van video opnames (of verfilming soos sy dit noem). Ons hoop dit kan alle predikers help, maak nie saak hoe gekonfyt of nie gekonfyt hulle is met verfilming nie.

Deel 1 - Voor die skerms (Praktiese wenke om die prediker te help)

1. *Body Language* – 80% van kommunikasie is nie-verbaal. Wat jy met jou liggaamstaal kommunikeer, sê soms meer as wat jou stem kan oordra aan kykers (lidmate). Wanneer jy verfilm handhaaf altyd goeie postuur, jy kan ontspanne wees/lyk en

steeds 'n goeie regop postuur hou. Staan regop met selfvertroue, moet nie dat jou skouers hang nie – mense word aangetrek deur selfvertroue.

2. Dit is belangrik om die *gevoel* van die opname (verfilming) te ken – is dit meer ernstig of ontspanne, dit sal help bepaal of dit beter is om te sit of te staan. As jy sit terwyl jy met 'n meer ernstige boodskap besig is, sal jy uit plek uit voorkom, en die kykers sal ongemaklik voel. Of as jy met 'n kindermoment besig is waar jy energiek wil wees, moet jy verseker nie sit en dit doen nie. Bygesê, wees eg in wie jy is, as jy nie 'n meer dramatiese prediker in jou normale prediking styl is nie, moenie dit probeer wees, wanneer jy 'n video opname doen nie – moenie iemand anders probeer wees nie, wees jouself (*esse quam videri*) – mense sal vinnig agterkom dit is nie wie jy is nie, en so verloor jou boodskap sy krag. Probeer om jou opname so natuurlik as moontlik te hou. Onthou daar is baie ander dinge in mense se huise wat hulle aandag kan aftrek, terwyl hulle na jou boodskap kyk. In die kerk is dit makliker om te fokus op wat die prediker sê, by die huis is daar die



hond wat blaf of kinders wat dalk aandag soek, so jy moet jou gehoor/kyker/lidmaat se aandag hou.

Leonard Sweet se akroniem EPIC (*Experience; Participation; Image-Driven; Connectivity*) help my altyd om buite die boks te dink in my preek styl… **Hoe** help my prediking/die boodskap die lidmate om 'n ervaring te hê (veral van die teenwoordigheid van God Drie-Enig in hierdie grendel-tydperk)? **Hoe** kan lidmate deelneem in die erediens anders as om net te sing en die sakramente te gebruik (en hier is die uitdaging in die grendel-tydperk, sien Kerkbode, 31 Julie 2020 – “*Nuwe Stemme: Digitale eredienste: Hoe en hoekom ons die liggaam moet betrek*” deur Anandie Greyling, vir 'n goeie insig in hierdie afdeling)? **Watter** beelde kan ek gebruik om my boodskap te ondersteun en te versterk (beelde/foto’s/prentjies, maar ook beelde in die sin van metafore, personifikasie, vergelykings, paradokse, stories, ens.)? **Hoe** verbind my boodskap die kyker/lidmaat aan my spesifieke geloofsfamilie en in die groter geheel aan die liggaam van Christus (probeer enige vorms van skeiding uit



die weg ruim deur kyker/lidmaat te fokus op dit wat ons saamsnoer as Christene en waartoe ons geroep word en mee uitgestuur word – 'n vorm van uitdaging vir die week help gewoonlik)?

Leonard Sweet se EPIC is natuurlik baie meer omvattend as wat ek nou beskryf het, hierdie is maar slegs idees, om jou gedagtes aan die gang te kry.

Nota: Daar is 'n dun lyntjie tussen oorbodig wees en 'n meer energieke/lewendige weergawe van jouself. Natuurlik kan jy 'n ander of dalk selfs 'n beter weergawe van jou as prediker ontdek aan die agterkant van 'n kamera, maar wees net altyd eg.

3. Onthou dat wanneer jy verfilm, praat jy met jou lidmate (en baie ander mense wat jy nie ken nie, want jou boodskappe word letterlik die wêreld vol gestuur), jy ken hulle en hulle ken jou. Verbeel jouself dat jy hulle gesigte voor jou sien wanneer jy na die videokamera (selfoon/rekenaarskerm) kyk. Belangrik – kyk altyd direk na die kamera (ek sukkel self baie hiermee), wanneer jou oë te veel ronddwaal verloor jy die konneksie



met jou gehoor – en klank, wanneer jou gesig weggedraai word vanaf die kamera, verloor jy die kwaliteit van jou klank.

Deel 2 - Agter die skerms (praktiese wenke vir die persoon wat verfilming doen)

1. Probeer altyd om in “landscape” op te neem, dit skep die toneel en lyk in geheel net baie beter. Dit help ook vir wanneer jy redigering moet doen.
2. Stabiliseer jou kamera/selfoon, dit is baie steurend as die kamera heeltyd rond beweeg. Sit jou kamera/selfoon op 'n driepoot (jy kan driepote nou oral verkry teen redelike goeie bekostigbare pryse, dit is 'n goeie belegging vir die tyd waarin ons nou is) of op 'n tafel met 'n boek of twee wat dit ondersteun, maak net seker dat jou kamera stabiel is en nie rondbeweeg nie.
3. Kamera raam/“shot” – wanneer iemand jou afneem is dit makliker om die volgende te doen – maak seker dat die hele persoon in die kamera-raam (die “shot”) is. Dit beteken nie

noodwendig 'n vol liggaam in die kamera-raam nie, maar eerder dat wanneer 'n persoon afgeneem word en hy/sy word halflyf afgeneem, dat die persoon se hand nie “uitgesny” word wanneer hy/sy hulle hand gebruik om te preek nie. Probeer om die “shot” nie te nou te maak nie (nie “selfie vibes” van net jou gesig nie) want dit is vir baie mense te intiem en kan voorkom as onprofessioneel. Probeer om altyd ten minste jou bors/skouers in die kamera-raam te hê. Probeer ook om altyd in die middel van die kamera-raam te wees, en nie te veel na eenkant toe nie.

4. Beligting – probeer om altyd in 'n goed beligte vertrek die opname te doen. Daar is min dinge wat kykers so frustreer as hulle na 'n prediker kyk en nie die prediker se gesig kan sien nie. Natuurlike lig is altyd goed. Probeer om nie 'n lig direk bo jou te hê nie, want dit sal 'n skadu oor jou gesig maak. Dit kan veroorsaak dat jy moeg lyk en in sommige mense se geval kan jy selfs “kwaad” voorkom. 'n Baie skerp lig van bo-af kan ook maak dat jy baie bleek lyk. Maak seker dat die bron van lig van vooraf kom en nie van agter jou nie. As jy vanaf jou huis 'n video opneem, sal dit goed wees, as jy die



opname doen voor 'n venster waar die natuurlike lig jou gesig van vooraf vang. Moet nie 'n video opname doen met 'n venster direk agter jou nie. Wanneer jy 'n langer boodskap opneem soos vir 'n Sondag erediens, probeer om dit in die kerkgebou te doen, dit skep 'n gevoel van waardering, nostalgie en teenwoordig wees by baie mense (juis in hierdie tydperk waar mense nie in die kerkgebou kan wees nie – en ja, die gebou is nie die kerk nie, maar vir baie mense is hulle kerkgebou hulle veilige vesting, hulle rots, hulle familie, hulle plek van ontmoeting, hulle “sense of belonging” en hulle het dit nou meer nodig as ooit van te vore)

5. Klank – It goes without saying. Selfs voor ons voor die kameras moes inspring, het klank nog altyd 'n kardinale rol gespeel in die verkondiging van God se Woord. Dit help veel kykers sien hoe passievol jy preek, maar hulle moet kort kort stop en vra wat het hy/sy gesê? Probeer opneem in 'n stil vertrek, maar wees versigtig vir eggo's (behalwe as jy 'n weergalm klankeffek in jou boodskap wil gebruik vir watter rede ook al).

“Lockdown” Film Handboek

Hierdie is maar slegs 'n paar waarnemings vanaf 'n kundige in filmografie en vanuit my eie frustrasies uit my eie persoonlike ervaring – dit is nie in sement (of in 'n ster op Hollywood se Walk of Fame) gegiet nie. Deel asseblief met ons van julle wenke wat kan help dat ons kollegas orals, digitaal, ook God se Woord beter en met selfvertroue kan verkondig.